



12 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens

Eric Scholtz

18:00 Aanddiens – Koinonia

Immanuel van Tonder

Hoop: Drome en Donkies Sagaria 8 & 9

CHINESE GEMEENTE:

Twintig jaar gelede het die Chinese gemeente ons saal begin gebruik vir dienste. Vanoggend by die 11:00 diens word ons spesiaal ontvang en bedank vir ons betrokkenheid en gawes. Immanuel gaan die boodskap bring (nie in Chinees nie). Hulle beplan om 'n blyk van dankbaarheid te oorhandig.

By die aandmark gaan hulle Chinese kos verkoop.

19 NOVEMBER 2017

09:00 Erediens – Nagmaal

Immanuel van Tonder

Lynnwood Foto-album Psalm 111

18:00 Aanddiens – Koinonia

Jeanri Bezuidenhout

Ons kuiergeleentheid vir senior lidmate vind vanjaar op Donderdag, 30 November 2017 vanaf 12:00 plaas. Indien jy die geleentheid gaan bywoon, plaas asseblief jou naam op 'n naamlys by die info-toonbank na die erediens, of skakel die kerkkantoor gedurende kantoorure. Daar is slegs plek vir 90 mense! Die bywoning is gratis, maar jy kan by die kuiergeleentheid 'n donasie gee.

DANKIEMAAND

Ons vier ons jaarlikse DANKIEMAAND met die tema “My beker loop oor”. Ons raak gedurende dié tyd bewus van die gawes wat die Here in al die seisoene van die jaar gee. Ons is dankbaar oor die bediening van die afgelope jaar in Lynnwood Gemeente, maar ons sien ook met baie verwagting en opgewondenheid uit na 2018 om in God gewortel 'n lewegewende gemeente wees! Baie dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Byvoorbaat baie dankie vir u aandeel aan die betekenisvolle verskil wat die gemeente maak.

Gemeenteverjaarsdag Potjiekos

Ons vier volgende Sondag ons gemeente se verjaarsdag met ons jaarlikse Potjiekos-ete.

Koste: R80 (volwassene) en R50 (laerskoolkind). Bespreek asseblief by die Info-toonbank na die diens of skakel die kerkkantoor 012 348 1245. Ons kort nog mense wat belangstel om 'n pot te maak - skakel asseblief die kerkkantoor.

Indien u bereid is om te help met koring- en stampmielievoorbereiding en basaarpoeding kontak asseblief vir Maretha 073 267 7019.



Die week se kalenderaktiwiteite

- Maandag:** Ekologie Bedieningvergadering 18:00 (Kapel).
- Dinsdag:** Bybelstudie 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
Gemeentevroue Groep 4.
Tabita Naaldwerkklasse 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413.
Nuwe Generasie Bybelskool 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Bybelstudie: Afsluitings-ete met Kersliedere **19:00** (Koinonia) – Immanuel van Tonder.
- Woensdag:** Studente-selgroep 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.
Kerkraadagenda sluit.
"Young couples"-omgeegroep 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
- Donderdag:** Gemeenteverjaarsdag!
Bybelstudie 09:30 (Lynnwood Oord).
Almal word hartlik uitgenooi om Tabita (naaldwerkklasse) se afsluiting te kom bywoon om 14:00 in die kerksaal. RSVP asseblief by Selma du Preez 012 361 1626.
Jong Volwasse-omgeegroep 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
- Vrydag:** Bybelstudie 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.
Gebedsgroep 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Hein en Attie Snyman, Die Rand 310, Menlopark, 012 361 3938 – beleef 'n moeilike tyd.

Lynnwood Kersfees-aandmark:

Ons hou op 25 November Lynnwood se eerste Kersfees-aandmark! Om die stalletjies te help met voorraad benodig ons asseblief die volgende:

- ✚ poeding (kontak asseblief vir Maretha Brits 073 267 7019);
- ✚ vrugtekoek (kontak asseblief vir Bettie Hammann 082 550 5079);
- ✚ tuisgemaakte lekkers (kontak asseblief vir Hannelie van Tonder 083 452 0441);
- ✚ tuisgemaakte konfyt, -souse, ingelegde vrugte, ens. (kontak asseblief vir Fay van Eeden 083 478 0854);
- ✚ mense wat bereid is om brode te bak (ciabata, volgraan, piesang, gemmer en wortelkoek) (kontak asseblief vir Fay 083 478 0854).

Skakel asseblief die betrokke persone of die kerkkantoor by 012 348 1245 indien u kan help. Byvoorbaat baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

Kersfees@Ubuhle-kleuterskool:

Baie dankie aan almal wat 'n naamkaartjie geneem het vir 'n Kersgeskenkpakkie. Onthou asseblief om die pakkie **vandag** nog by die Info-toonbank in te handig. Navrae: Fay 083 478 0854 of Liani 079 506 4078.

Jakaranda Liggiesfees:

Baie dankie aan almal vir die talle skenkings wat reeds ontvang is! Daar is nog 'n behoefte vir cappuccino-pakkies gewoon/onversoet of Decaf) en langlewemelk. Die houer sal weer vandag, die 19^{de} en die 26^{ste} in die portaal beskikbaar wees vir skenkings of bring dit na die kerkkantoor gedurende die week. Nogmaals baie dankie vir die ondersteuning, julle meeleving is vir ons 'n inspirasie om vanjaar se liggiesfees baie spesiaal te maak. Kontak gerus vir Anneke Doms 082 376 2604.

Baie dankie aan almal wat
materiaal geskenk het vir Tabita.
U meeleving word opreg waardeer



Kontak van die week: Bery

Janis Joplin het van dié liedjie 'n treffer gemaak, maar dit is deur Kris Kristofferson geskryf: "Me and Bobby McGee". Dit vertel die verhaal van twee mense wat taamlik op moedverloor se vlakke sit en dan ryloop. Hulle word deur 'n vragmotor opgelaai en terwyl dit reën, maak hulle musiek in die kajuit van die vragmotor terwyl die ruitveërs die ritme verskaf. Die vangskoot van die liedjie is dat Bobby nie 'n man is nie, maar 'n meisie, wat dit omskep in 'n liefdesliedjie van 'n soort. Een van die sinne in die liedjie trek nogal 'n mens se aandag: "Freedom is just another word for nothing left to loose". Tans het die twee rylopers so min dat hulle vryheid daaraan gemeet word dat hulle feitlik niks het om te verloor nie.

Christelike vryheid lyk natuurlik geheel en al anders, dis meer bevrydend as die beperkinge van Kristofferson/Joplin se treffer. Vryheid in Christus verleen aan ons hemelse status wat anders is as 'n eredoktorsgraad; in die sin dat die oorsprong van hierdie vryheid nie my prestasie is nie, maar die genade van God. Hierdie vryheid bind ons aan God, wie se slawe ons dan word, maar meer as slawe, ook kinders en erfgename! Oor hierdie erfposisie kan 'n mens nie jou neus optrek nie, want ons is God se Seun se mede-erfgename.

Slawe? Erfgename? Verbintenis? Waar laat dit ons? As mense wat uit vrye wil vir God volg, selfs al is die padkaart net gedeeltelik aan ons bekend. Saam met alles in ons juig die skepping wanneer ons die Here volg. Vrye wil laat ons natuurlik met die implikasie van keusemoontlikheid, dat daar eintlik meer keuses is as wat ons reken. Die tiener kan dus 'n dominee word, maar ook 'n onderwyser, 'n chirurg (as sy keuring kry om die studies aan te pak) of dalk die eienaar van 'n sekuriteitsmaatskappy! Een van my dosente, Johan Heyns, het gereken dat die roeping van 'n onderwyser, besigheidseienaar en leraar op dieselfde vlak lê.

Hierdie vryheid kom na ons kant toe sonder 'n rekening. Anders as die advertensie wat 'n mens nou laat vlieg en later laat hoes, is daar nie opgeblase ballonkoste nie; gratis, verniet, sonder enige bande wat 'n mens tot in die volgende generasie laat skuld betaal. Nie ons nie, ook nie die geslagte voor ons, of die geslagte wat ons opvolg, hoef dit as deel van hulle begroting te reken nie. Die skuld is deur God self vereffen.

Miskien is balansstate en skuldlaste die minste van ons bekommernisse en rus die toekoms van ons nasate swaar op ons skouers. Die verliggende nuus is dat God se nuwe wêreld vir ons met hoop vervul, aan ons vreugde bring en vrede gee. Vryheid beteken dus vry van sonde en die skuldlast van Rand en sent, maar selfs meer as dit word die loswoel van innerlike woelinge bewerkstellig.

Van die mooiste idiome wat in dié verband gebruik kan word, is die volgende: sit in jou hart, laat jou lewer tot ruste kom, wees stil en weet...

Groete

Peet Crous

(namens die Predikantespan)

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

Handtekening _____

Datum _____

*** Handig asseblief in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

re#iMagine Matriekfees Heroldsbaai vir skoolverlaters vanaf 29 Nov. – 6 Des. Koste R1000 pp.

Navrae: albetheunissen@gmail.com, www.facebook.com/matriekfees of skakel 082 928 3561.

Verblyf beskikbaar vir 'n dame: Kamer met badkamer, wasmasjien, kombuis. Gerieflik naby alles (Faerie Glen hospitaal-omgewing). Koste: R3 500 pm. Navrae: Riana 072 295 1522.

Transvaliaskool vir leerders met Epilepsie en Leergestremtheid bied 'n **Jak de Priester** fondsinsameling-konsert aan op Saterdag 18 November om 09:30 by Lynnwood Gemeente. Kaartjies: Marietjie Landman 083 294 8246/012 800 1071.

Die Wilgers aftree-oord (naby Duitse skool). 2 Slaapkamers met oopplan kombuis/sitkamer, badkamer met stort en heerlike stoepie. Pragtige versorgde tuine en baie veilig. Dokter 1x per week aan diens, suster elke nag aan diens, versorgings eenheid, etes kan bestel word, haarsalon, braaiplek (met familie) en busdiens na winkel sentrums. Onmiddellik beskikbaar. R8900 pm. Kontak Renet Nortje 083 501 4669.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of

SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.

Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za.

Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.

Dankoffers: Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.



Snap here to pay

 SnapScan